

## **Boodskap vir Sondag 10 Mei 2020 Moedersdag**

Gegroet vanuit die pastorie én 'n wonderlike Moedersdag vir al die vroue!

Daar is 'n ou-ou staaltjie vanuit die Oosterse wêreld wat vertel van 'n man wat tronkstraf uitdien wat by sy venster uitkyk na die straat buitekant wat teen die tronk verbygaan al smagtende na sy vryheid. Hy sien toe 'n man buitekant in die straat wat heertyd na die tronk staar. Hy vra die man hoekom hy so na die tronk staar waarop die man antwoord hy begeer om in die tronk te wees. Heeltemal uit die veld geslaan, vra hy die man toe waarom hy so iets sou begeer. Die man antwoord hom toe dat die lewe te veeleisend is en in die tronk verdwyn al die verantwoordelikhede wat mens buite die tronk het.

Een van die sekerhede van die lewe is dat elke kind 'n ma het, natuurlik ook 'n pa hoewel in vele gemeenskappe laasgenoemde meer afwesig is. 'n Ma kan nooit afwesig wees nie, eintlik nooit vry wees nie. 'n Ma bring 'n baba in die wêreld wat op sigself bewonderenswaardig is en dra die onmiddellike en direkte verantwoordelikheid om die kind groot te maak. 'n Diepsinnige waarheid is dat alle mense eers ophou om kind te wees wanneer hulle ma sterf. 'n Ma staan eintlik heertyd vasgevang in haar verantwoordelikhede asof 'n slaaf, al is sy vry. Maar dit is natuurlik 'n anderste soort van slaafskap – dit wat genoem word 'n liefdes-slaaf. Die geestelike Therese van Lisieux het gemeen dat die meesterstuk van God se hart die hart van 'n vrou is. Hierop kan ons gerus amen sê.

Die moeders van die wêreld verdien veel meer liefde en lof en ondersteuning as wat hulle dikwels kry. Meesal is ma's ook eggenotes en die huishouding-bestuurders al maak mans baie keer of hulle die baas is. Agter elke man staan 'n vrou en mans word gewoonlik wat hul vrouens van hulle dink. Dit is ook so dat vrouens weer word wat mans aan hulle doen – soos onder andere op Moedersdag. Genesis 2:24 sê dat *die man sy vader en moeder sal verlaat en sy vrou aankleef en hulle sal een in vlees sal wees.*

In Lukas 16 word uitgewys dat mens nie twee base kan dien nie en indien daar wel twee is, sal die een gelief wees en die ander gehaat word. Dit kom daarop neer dat jou perspektief bepalend is vir jou gedrag. Die een in die tronk soek die vryheid wat buite beskikbaar is en die een wat vry is, soek die sekuriteit wat 'n 'tronk' sal bied. Tronke is soos groewe wat gebaan is – mens hoef in groewe nie uitdagings te aanvaar nie, dis veilig genoeg in die lewens-sloot. Groewe is ook 'n baie streng en 'n veeleisende baas wat meeste mense stilweg verpes, maar die gerief en sekuriteit wat dit verskaf praat dikwels die hardste. Moederskap het nie die 'vryheid' van verantwoordelikheid soos 'n groef of tronk bied nie, maar moet tog altyd beskikbaar wees om te luister, pleisters te plak en trane af te droog, drukkies te gee en aan haar gesin te wys wat liefde regtig is. Geen wonder dat Cervantes uitgewys het dat geen ma 'n slegte kind het nie.

Ma's, dink ek, het baie base wat sy elkeen spesiaal moet liefhê. Moeders is uitsonderinge op baie reëls. Die dae is hopelik lankal verby dat vrouens as huisslawe beskou word wat maklik maak dat hulle een iets moet haat en 'n ander weer moet liefhê. Vir ma's moet ons baie respek toon en waardering bied. Moederskap sit Ma's in 'n liefdes-tronk terwyl hulle al hulle geliefdes moet opvoed om vry te wees. In hierdie tyd waar ons ingeperk is en meer in mekaar se geselskap tuis deurbring, kan ons dalk nadink oor die liefdeskrag gesetel daarin dat 'n vrou ontwikkel volgens wat haar geliefdes en meesal haar man en pa aan haar doen en 'n man ontwikkel volgens dit wat sy geliefdes en meesal sy vrou of ma van hom dink.

Soos die Bybel meld is die man en vrou verstrengel – elkeen het die ander baie nodig. Spandeer 'n tydjie voor jou lewensspeël en kyk hoe jy as man teenoor jou vrou optree ook as leermeester van jou kinders wat sal neig om jou daarin na te aap; óf as vrou om te ontdek wat is die prentjie van jou man wat jy in jou binnekant herberg ook as leermeester van jou kinders wat dit kan aanvoel al dink jy dit is versteek. 'n Mens kan gewoontes en prentjies verander en om te groei is beide nodig.

In die land is daar tans groot kwelling oor hoe die regering se besluitnemers die land se mense bestuur. Daar word dikwels vermeld dat die burgers van die land soos stout kinders hanteer word en dat die burgers van die land se verantwoordelikhede van hulle ontnem word. Die regering se taak is nie om die moeders en die vaders van die land se mense te wees nie, maar soos leiers op te tree. As ma's en pa's soos base in die gesin begin optree, verval die hegtings-fondasie van die gesin. As 'n regering soos pa's en ma's wil regeer oor die land se mense, verval die vertrouwe en respek in hulle leierskap onder die land se inwoners.

Dit kom daarop neer dat baasskap nie deug nie, maar dat die skepping so ontwerp is dat elkeen 'n bepaalde rol het om te vervul. Ma's moet moeders wees en pa's weer vaders en kinders is na-apers wat hulle sien en aanvoel. Leiers moet gevolg word nie omdat hulle die gesag het nie, maar omdat hulle 'n omgewing moet bestuur waar almal kan gedy. Ouers kan ook soortgelyk beskou word as leiers wat 'n gebalanseerde omgewing skep waarin hulle nageslag kan gedy.

In meer tegniese terme is die skepping 'n kompleksiteit waarin verskillende rolle in mekaar nestel en waar die geheel meer is as die som van die dele. Waar die verskillende dele nie inmekaar nestel nie, vind inploffing plaas. Elke deel van die geheel begin by jouself. Jy staan in verhouding met jou Skepper, jou ma, jou pa, jou ouers, jou gesin, jou vriende en jou gemeenskap ens. Dit is presies wat die mens se skeppings opdrag is soos verklaar word in Genesis 1 dat God ons skep en seën om verantwoordelikhede op te neem en daarvoor te heers.

Newens die individu is die volgende deel van die geheel die gesin en in Genesis word nie net gestel dat die man sy ouers sal verlaat en een met sy vrou word nie, maar ook voor dit dat Eva op sigself 'n skeppingsdoel is wat geheg is aan Adam: Gen 2:18: *Dit is nie goed dat die man alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas.* Mans het vrouens nodig al is dit ten minste hulle ma en vrouens het mans nodig al is dit ten minste hulle pa. Kinders het ma's en pa's nodig en 'n gesin-eenheid, anders vind verbrokkeling maklik plaas.

Maar voor hierdie opklaring van die skepping, stel God sy begeerte dat die mens gemaak word as 'n afskaduwing, 'n nabootsing van Homself. Gen 1:26 stel dat God *mense maak na sy beeld, na sy gelykenis...* Uiteindelik het elkeen en elke deel van die geheel die roeping om na die voorspraak van God te heers. En soos elke mens behoort te sien, is heers nie baasskap nie. En al neem dit hoe lank, vind elke regering dit ook een of ander tyd uit – al vat dit 'n pandemie.

Dit lyk dalk baie makliker om 'betronk' te wees al is dit nie lekker nie, maar die vreugde van die lewe spruit dááruit om jou kruis, oftewel jou rol, in dissipelskap op te neem. Mat 10:38-39: *Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind.* Só is jy geskep as 'n kind van God wat jou ewige Vader is. En weet ons dat moederskap ook spiritueel is, asof ons kan sê dat God ons Pa is en die Gees van God soos ons Ma en Jesus soos 'n kind die driedeligheid van die Skepper afrond en ons almal daarom saam die Gesin van God in spieëlbeeld daarvan is.

As Liggaam van Christus is ons 'n verstrengelde geheel in ons rolle en dit is nié 'n tronk of 'n groef of om uitgelewer te wees nie! Dit help nie om jou uit of in een of ander lewens-tronk te wens nie: Wees jou geskepte self, leef jou unieke rol – dit het 'n onkeerbare effek op almal om jou, maar ook op die skepping in geheel. 'n Diepsinnige geleerde het een keer opgemerk dat dit juis is wanneer ons onself vergeet, soos Ma's dikwels doen, dat ons dinge doen waarvoor ons onthou sal word. Dit vra natuurlik oortuiging, oefening en ontwikkeling en Moedersdag is 'n lieflike oefenveld hiervoor! Klink saam met my 'n keltie vol liefde op die moeders onder ons!

Amen